Skrifgedeelte: Markus 12:28-34

Teksverse: Markus 12:29-31

Tema: Laat jou liefde vir God bepaal hoe jy jou lewe inrig!

Die Here se antwoord oor wat die groot gebod is, klink soms vir ons so mooi en romanties: "Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en jou hele verstand en al jou kragte. En, jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Dit is amper soos `n supermodel wat wêreld-vrede wil hê wanneer daar vir haar gevra word wat die wêreld nodig het.

Tog is hierdie groot gebod van die Here ontsettend moeilik - moeiliker as wat wêreld-vrede vir `n model is. Dit is moeilik om jou naaste lief te hê, veral as ons onthou dat Jesus Christus vroeër reeds in Matteus 5 al gesê het dat ons ons vyande ook moet liefhê en vir ons vervolgers moet bid! Kom ons maak dit prakties: wie van ons was vol liefde vir ReformPuk en TotiusMustFall toe hulle in hierdie afgelope week Totius se standbeeld wou omgooi? Dit is wat die Here van ons vra in Sy groot gebod.

Net so, en soms sal ons dit nie erken nie, is dit moeilik om God lief te hê met my hele hart, met my hele siel, met my hele verstand en met al my kragte. Hierdie deel van God se gebod beteken dat my hele wese en my hele bestaan daarop gefokus is om te wys dat ek God die liefste het - liewer as myself. Dit is moeilik om God só lief te hê, wanneer dit beteken dat ek my werk, my sport en dit wat vir my belangrik is derde moet stel om God eerste lief te hê en dan my naaste en myself.

Daarom dat die skrifgeleerdes en Fariseërs hierdie gebod van liefde vir God en ons naaste opgedeel het in allerhande kleiner wette - 613 wette om presies te wees. Van hierdie 613 wette was 365 wette negatiewe of "moenie"-wette en die ander 248 wette was positiewe of "moet"-wette. En omdat daar só baie wette was het daar twee groepe in die skrifgeleerdes, naamlik die Hillel en die Shammai groepe, ontstaan. Elkeen van hierdie groepe het dan ander opinies gehad oor watter een van hierdie wette die belangrikste was.

Toe hierdie skrifgeleerde by Jesus gekom het, het hy dus probeer om vir Jesus vas te vra, maar nie net om te bewys dat Jesus nie slim is nie. Hierdie skrifgeleerde het Jesus hierdie vraag gevra om só iets te kry om Jesus aan te kan kla van lastering, sodat Jesus die doodstraf opgelê kon word. Jesus sien egter deur die plan van die skrifgeleerde. Hy sien hierdie skrifgeleerde se hart raak en daarom dat Jesus hom in werklikheid na die hart van die evangelie toe neem met sy antwoord.

Die skrifgeleerde besef en erken dat Jesus reg geantwoord het, maar in sy reaksie teenoor Jesus verklap hy sy eie tekortkoming, daarom dat Jesus hom antwoord deur te sê dat hy nie ver van die koninkryk van God is nie. Luister weer na die antwoord van hierdie skrifgeleerde: "Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers."

Die skrifgeleerde was só besig met die godsdiens van sy tyd, dat hy die persoonlike verhouding met God heeltemal vergeet het! In plaas daarvan dat hy sê dat die Here *ons* God die enigste Here is, sê hy bloot dat God een is en dat daar geen ander as Hy is nie. In plaas daarvan dat hy sê jy moet die Here liefhê met jou hele hart en jou hele siel en jou hele verstand en met al jou krag, word dit met die

hele verstand, met die hele hart, die hele siel, die hele krag. En in plaas van jou naaste, word dit die naaste.

Hierdie skrifgeleerde haal die persoonlike verhouding met God, en in die besonder sy persoonlike verhouding met God in en deur Jesus Christus, heeltemal uit hierdie soeke na ware godsdiens. Ons kan amper sê hy wil al die voordele van die godsdiens hê, sonder om homself heeltemal oor te gee aan die God van die godsdiens en geloof. En dit word veral duidelik wanneer ons onthou dat hierdie skrifgeleerde nie vir Christus aanvaar het nie, maar in werklikheid wou hy vir Christus laat gevange neem het.

Daarom dat hy nog buite die koninkryk van God staan. Hy verstaan darem al iets van die beginsels van God se koninkryk, maar die Koning van die koninkryk, Jesus Christus, erken en ken hy nie en met die God van die koninkryk wil hy in werklikheid nie veel te doen hê nie. Want sien, in Jesus Christus word hierdie groot gebod vir ons duidelik gemaak. Jesus Christus wys vir ons in werklikheid wat hierdie groot gebod in praktyk beteken.

Aan die een kant wys Hy God se onbeskryflike liefde vir ons deurdat Hy in ons plek aan die kruis sterf. God se liefde vir ons is die basis waaruit ons liefde vir God en vir ander mense groei. Johannes leer ons dit op `n besonderse manier in 1 Johannes 4:10-11, daar staan: "Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê."

Aan die ander kant wys Jesus Christus vir ons wat dit beteken om God met jou hele wese (hart, siel, krag en verstand) lief te hê. Ons sien dit deurdat Jesus gehoorsaam gebly het aan God se wil ten spyte van die feit dat Hy aan die kruis vir ons gesterf het. Toe Jesus Christus Homself oorgegee het om gekruisig te word, het Hy vir ons gewys wat dit beteken om God werklik lief te hê. Dit is om bereid te wees om jouself selfs aan die dood oor te gee om gehoorsaam te wees aan God se wil.

En ook bewys Jesus Christus vir ons wat dit beteken om jou naaste lief te hê soos jouself deurdat Hy in ons plek aan die kruis gehang het. Christus het nie gesterf vir iets wat Hy verkeerd gedoen het nie. Christus het nie gesterf bloot net om gehoorsaam te wees aan God se wil nie. Christus het aan die kruis gesterf omdat Hy ons lief het. Hy het homself aan die dood oorgegee, sodat ons weer in `n verhouding met Hom, die Vader en die Heilige Gees kan staan.

Maar soos Johannes ons ook leer, hierdie liefde kom van God. Daarom dat elkeen van ons juis moet smeek en bid dat God deur die Heilige Gees aan elkeen van ons hierdie besonderse, onvoorwaardelike liefde sal gee. Paulus leer ons mos dat liefde nie net die groot gebod is nie, maar dat dit ook die grootste gawe van die Heilige Gees is. Smeek daarom dat die Heilige Gees hierdie liefde vir God en vir jou naaste in jou hart sal werk en laat hierdie onbeskryflike liefde dus bepaal hoe jy jou lewe inrig.

Amen.

Besprekingsvrae

Hierdie week se fokustyd gaan oor die inrig van ons bediening op só `n manier dat ons ons roeping as kerk kan uitleef.

1. Hoe kan ons ons eredienste inrig, sodat ons met ons emosies en ons liggame kan wys dat ons God bo alles lief het?
2. Hoe moet ons ons gesinslewe inrig, sodat ons as gesinne kan wys dat ons God lief het met ons verstand?
3. Wat moet ons as gemeente in ons bediening verander, sodat dit kan duidelik word dat ons God eerste lief het en ons naaste soos onsself?